### *Skeiding van lig en duisternis*

**221** "Maar nou kom daar iets wat eintlik moeiliker te verstaan is as die voorafgaande. Want daar staan verder: 'Toe skei Elohim die lig van die duisternis en noem die lig dag en die duisternis nag.' Dit word egter makliker verstaanbaar as jy in plek van die twee deur Moses gebruikte algemene begrippe, die ooreenkomstige meer besondere neem, soos - in plaas van dag: die reeds selfstandige lewe en vir die nag: die dood, of vir die dag: die vryheid en vir die nag: die oordeel, of vir die dag: die selfstandigheid en vir die nag: die gebondenheid, of vir die dag: die homself reeds kennende liefdeslewe van die goddelike gees in die nuwe skepsel en vir die nag: die gedagtes en idees van Elohim wat nog geen lewe het nie.

[2] Hierdie orde vind julle ook weer terug in elke plant, by wie jy tot en met die vrugvorming nog niks anders vind as die nag of die aasende dood nie, waar die Gees van Elohim nog, vir die voorbereidende vormgewing van die lewedraende materie, oor die waters van die duistere dieptes sweef. As die ondergrond egter eenmaal in so verre vas is dat by die koringaar van die skepping die laaste ring onder die aar gemaak kan word, en die eintlike egte geestelike lewe begin om homself selfstandig te manifesteer en te voel en homself deur `n helder selfbewussyn begin te verstaan, te herken en te verstaan, dan vind daar duidelik `n deling plaas. Dit is dan die skeiding van die lig en die duisternis, van die vrye lewe en die lewe onder die oordeel, of eintlik van die onverwoesbare lewe en die lewe wat verwoes kan word onder die oordeel, en wat te vergelyk is met die dood onder die algemene, allesomvattende begrip 'nag'.

[3] En vervolgens staan daar: 'Toe ontstaan uit aand en oggend die eerste dag.' Wat is die 'aand', en wat is hier die 'oggend'? - Die aand is hier die toestand waarin die voorwaarde vir die uiteindelike opname van die liefdeslewe uit Elohim deur die invloed van die almagtige wil van Elohim vasgestel kan word en gaan posvat, soos die op sigselfstaande gedagtes en begrippe vir `n idee. As hierdie eenmaal uitgegroei het tot aan die laaste ring onder die vrugaar, dan eindig die werk van die aand, en begin die vrye en selfstandige werksaamheid vir die eie vorming in die vrug. Soos wat die mense nou die oorgang van die nag na die dag die oggend noem, so word daarmee ooreenkomstig die oorgang van die voorafgaande geoordeelde, onvrye toestand van die skepsel na ’n vrye, selfstandige toestand, óók oggend genoem. Dus, Moses het regtig geen fout teen die logika gemaak toe hy uit die aand en die oggend die eerste en alle daaropvolgende dae laat ontstaan nie!

[4] Dat Moses ses sulke dae uit die aand en die oggend laat ontstaan het, kom omdat uit sorgvuldige bestudering en ondersoek blyk dat elke ding vanaf sy oerbegin tot aan sy vasgestelde voleinding, steeds op die weg van één en dieselfde goddelike orde hierdie ses periodes moet deurmaak, totdat hy die toestand bereik, wat voorlopig bepaald is net soos `n oorryp koringaar aan die afgestorwe halm.

[5] Die saadlegging in die aarde tot aan die ontkieming: eerste dag; dan die vorming van halm, wortels en die skutblare: tweede dag; die vorming van die laaste ring vlak onder die daaropvolgende aanset van die begin van aarvorming: derde dag; dan die vorm en inrigting van huls-vormige vate as bruidsvertrek vir die ontvangs en die verwekking van die vrye, selfstandige lewe, waartoe ook die bloeiwyse gereken moet word: vierde dag; dan die afval van die blomme, die ontstaan van die eintlik al `n vry lewe draende vrug en sy vrye aktiwiteit - hoewel nog samehangend met die vroeëre onvrye toestande, waaruit nog `n deel van die voedsel vir die vorm van die omhulsels geneem word, hoewel vanaf daardie punt die hoofvoedsel uit die hemele van die lig en van die ware lewenswarmte geneem word - tot by die volledige vorming van die vrug: vyfde dag; uiteindelik die volkome losmaak van die in die huls rypgeworde vrug, waarin die kern dan, slegs om haar te beveilig, selfstandig die rein kos van die hemel verlang, aanneem en haar daarmee versadig vir die vrye, ewig onverwoesbare lewe: sesde en laaste dag vir die vorming en volledig vry-word van die lewe.

[6] Op die sewende dag begin dan die rus, en dit is die toestand van die nou gereed synde, algeheel rype en vir die ewigheid duursame uit die vroeëre toestande gekonsolideerde lewe, op dieselfde wyse as Elohim toegerus."

### *Die einddoel van die skepping*

**222** "As julle nou dit wat deur My vertel is, ietwat dieper en ryper as die deursnee mense van hierdie tyd wil oordink, dan sal julle, ook al is dit nie tot in die fynste besonderheid nie, maklik ontdek en verstaan dat Moses met sy skeppingsgeskiedenis die enigste ware ontstaan beskrywe het. Dit stem met die hele orde van die ewige Wysheid ooreen, en gee die ontwikkeling van alle dinge vanaf die oerbegin tot aan die hoogste voleinding in voortreflike beelde weer.

[2] Wie Moses nie op hierdie manier verstaan nie, moet hom ook glad nie lees nie. Want, as hy hom lees en verkeerd verstaan, moet hy uiteindelik, na enige nadenke, heeltemal in die war raak. Hy gaan dan regtig aanstoot neem oor die onlogiese domheid van Moses en oor die miskien selfs boosaardige domheid van al diegene wat so `n onlogiese, dwase leer, asof deur die Gees van Elohim ingegee, die mense te vuur en te swaard opdring sonder om enige rekening daarmee te hou dat dit vir hulleself ook as `n baie growwe dwaasheid voorkom.

[3] Wie egter, op die nou aangetoonde korrekte manier vir Moses lees, sal in hom nie slegs die grootste wyse nie, maar ook die van Elohim se Gees die diepste deurdronge, egte profeet ontdek. Hy het die groot vermoë en tewens die vaste wil om al die mense die waaragtige nuus te bring oor die groot geheime van Elohim en oor alle geskape dinge, soos wat hy dit in sy reuse gees van die Gees van Elohim Self ontvang het!

[4] So vorm al die sonne hulleself, netsoos die aardes. En ook al die afsonderlike dinge op die sonne en aardes vorm hulleself, netsoos hul gemeenskaplike samehang. En so vorm die mens in die beperkste sin, maar ook in die ruimste sin homself, omdat die skepping heeltemal volledig soos `n mens lyk en daarmee ooreenkom, en omdat van die kleinste tot die grootste alles in die geestelike en materiële skepping met die mens ooreenkom, en moet ooreenkom. Want die mens is die eintlike oorsaak en die einddoel van die hele skepping. Hy is die eindproduk wat gewen moet word deur al die voorafgaande inspanninge van Elohim.

[5] En omdat die mens die een is wat Elohim deur al die voorafgaande skepping wou bereik en ook bereik het, waarvan julle as onweerlegbare bewyse daar staan, daarom beantwoord alles in die hemele en op al die hemelliggame in alles aan die mens, soos wat Moses dit in sy skeppingsgeskiedenis uitgebeeld het, en soos wat ook ander leraars van die volk, ook al is dit meer verborge, dit uitgebeeld het. Beproef nou egter alles, dan sal julle ontdek dat dit sigself slegs maar só en onmoontlik anders gebeur het en kan gebeur! - Cyrenius, sê jy vir my of Moses nou aan jou voldoen!"